

## 2 September

## Matteus 14:22-32 (14:28)

### Die onmoontlike word moontlik

Toe die dissipels Jesus op die see sien loop het hulle groot geskrik. Hy sê vir hulle "dit is Ek". Petrus sê vir Hom: "Here as dit regtig U is, beveel my om op die water na U te kom". En Hy sê: "Kom".

Petrus het nie geweet wat die inhoud van sy vraag verg nie, want hy moes die eerste tree gee. Gaan hy bo bly of gaan hy sink? Sy geloof gaan beproef word. Hy wil gaan. Kom ons stel dit vir ons voor. Petrus aan die kant van die skuit met sy oog op Jesus gerig gee sy eerste tree. Die onmoontlike word vir hom moontlik. Hy bly bo en loop na Jesus toe. Dink net wat kan jy alles deur die geloof in Here vermag deur die oog op die Here te hou.

Toe kom die menslike faktor na vore. Petrus dink toe: "Kyk wat kan ek vermag! Ek loop op die water". Hy draai sy oog van Jesus af weg en sien hoe sterk die wind is. Hy het bang geword en begin sink, maar die werking van die Heilige Gees het in hom na vore getree. Hy swem nie terug na die skuit toe nie, maar roep: "Here, red my". Die genade van die Here is so groot. Hy laat Petrus nie eers spartel omdat hy sy oog van Hom getrek het nie, maar het dadelik sy hande uitgesteek en hom gegryp en gesê: "Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?"

Hoe maklik kan ek na 'n daad van die Here in my lewe wil omswaai asof ek dit self gedoen het en dan faal dit. Die Here sal dit weer regstel as ek in erkentlikheid bely en uitroep: "Here, red my".

Baie dinge in my lewe kan so onmoontlik lyk as ek dit in eie krag wil doen. Met die oog op die Here kan dit onverstaanbaar moontlik word.

Ds. H.B. van der Walt (Pietersburg-Noord)